



## HONSBEd OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING INLIGTING

### Programbeskrywing

Hierdie program behels 'n kombinasie van teorie en praktiese toepassing. Die huidige benadering is om leerondersteuning te bied ten einde die diverse behoeftes van leerders in die raamwerk van 'n inklusiewe opvoedkundige pedagogie te hanteer. Die inhoud is dus nie voorskriftelik nie, omdat leerders asook hul kontekste verskil. Studente word toegerus om op 'n nagraadse vlak tot besinnende praktisyns te ontwikkel.

Die fokusareas van die program is:

- Interpretatiewe navorsing
- Volwasse-leer en -ondersteuning
- Leer en kognisie
- Leeruitdagings
- Leerondersteuning
- Navorsingsprojek

### Die doel van die program

Hierdie program poog om studente toe te rus om betekenisvolle deelname vir alle leerders in inklusiewe onderwysstelsels en gemeenskappe te bewerkstellig. Verder is die doel om 'n samehangende en kritiese begrip van die omvang en die onderliggende beginsels van onderwys en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar, te verseker. Dit berei studente voor om diverse en unieke leervermoëns en leeruitdagings te identifiseer en te hanteer.

### Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die program word in 'n gemengdeleer-en-onderrig-modus aangebied. Daar is ten minste twee telematiese uitsendings en ook aanlyn kommunikasie. Die program kan in een jaar voltyds of oor twee jaar deelyds voltooi word. Voornemende studente doen voor 31 Julie van die voorafgaande jaar aansoek.

### Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n sekondêre Onderwysdiploma of -sertifikaat (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD);  
*of*
- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n primêre Onderwysdiploma (bv. POS, POD, HPOD);  
*of*
- 'n Toepaslike universiteitsgraad en 'n Onderwyskwalifikasie wat na die oordeel van die US Senaat as voldoende geag word;  
*of*
- 'n Vierjarige geïntegreerde onderwysgraad;  
*of*
- 'n Ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie (wanneer die student se akademies-toepaslike beroepservaring dit regverdig), wat vir die doel van toelating deur die US Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjarige baccalaureusgraad of 'n drie jaar baccalaureusgraad geag word (aanvullende Opvoedkundestudie kan van sodanige kandidate vereis word voor toelating);

of

- Erkende vierjarige naskoolse opleiding, wat 'n professionele Onderwyskwalifikasie insluit.

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes vir al die HonsBEd-programme in die Fakulteit Opvoedkunde word dit vir hierdie program **aanbeveel** dat voornemende studente 'n minimum van ten minste een jaar formele onderwyservaring in 'n Suid Afrikaanse konteks het.

### **Verdere bepalings in verband met toelating tot die HonsBEd-programme**

Aansoekers moes 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar van hul toepaslike voorgraadse studie behaal het.

Die Fakulteit verwag dat voornemende studente minstens toegang tot 'n rekenaar en die internet sal hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:

- Toegang tot SUNLearn-modules en deelname aan die verskillende leeraktiwiteite
- Gebruik van elektroniese bronne van die US-biblioteek
- Stuur en ontvang van e-posse
- Generering en elektroniese inlewering van werkopdragte.

### **Sluitingsdatum vir aansoeke**

*Alle aansoeke sal oorweeg word en op meriete beoordeel word op grond van vorige akademiese prestasie en toepaslike ervaring.*

Aansoeke vir die 2018-inname sluit 31 Julie 2017

**DOEN AANLYN AANSOEK:** <http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alg.jsp?TI=1>

**Studente sal teen die einde van September 2017 van die uitslag in kennis gestel word.**

### **Vir verdere programinligting:**

- Besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Opvoedkunde.pdf>
- Kontak SU Kliëntediens by [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) / 021 808 9111
- Kontak die Fakulteitsbeampte by [eel@sun.ac.za](mailto:eel@sun.ac.za) / 021 808 4831 (huidige US-studente)
- Kontak die Departementele Administrateur, mev S Botha ([sonjab@sun.ac.za](mailto:sonjab@sun.ac.za) / 021 808 3502), of die programkoördineerder, dr Lorna Dreyer ([lornadreyer@sun.ac.za](mailto:lornadreyer@sun.ac.za))
- Programkoste: Sien Jaarboek 2017 Deel 3 bladsy 18-19, besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Studentegelde.pdf> of kontak US Studentegelde [studentegelde@sun.ac.za](mailto:studentegelde@sun.ac.za) | 021 808 4520
- Besoek die Departement Opvoedkundige Sielkunde se webtuiste by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/educational-psychology/Pages/default.aspx>